DOKUMENT: SAMPS200304AFR.DOC

DIE SUID-AFRIKAANSE MEDIESE FISIKA VERENIGING

LID VAN

DIE SUID-AFRIKAANSE VERENIGING VAN FISICI IN GENEESKUNDE EN BIOLOGIE.

G R O N D W E T

1. DOELSTELLINGS

1.1 Om as primêre doelstelling 'n medium daar te stel waardeur persone betrokke in die professionele beoefening van geneeskundige fisika in Suid-Afrika, meer geredelik met mekaar kan kommunikeer en hierdeur die wetenskap van geneeskundige fisika kan bevorder.

1.2 Om wetenskaplike groepbyeenkomste te reël oor aspekte van die algemene toepassing van fisika in geneeskunde.

1.3 Om advies en bystand te verleen aan individue, verenigings en amptelike instansies insake aangeleenthede tov die vakgebied geneeskundige fisika en sy professionele vooruitgang.

2. LIDMAATSKAP

2.1 Daar sal vyf kategorieë van lidmaatskap wees wat slegs toeganklik is vir individuele lede van die SAVFGB.

2.1.1 **Volle lede**, wat geregistreer moet wees as geneeskundige fisici by die Gesondheidsberoepsraad van Suid Afrika (HPCSA).

2.1.2 Mede **lede**, as individue wat nie vir volle lidmaatskap soos in 2.1.1 hierbo kwalifiseer nie, maar wie se beroep en belangstelling lê in die veld van fisika of ingenieurswese toegepas in geneeskunde.

2.1.3 Studente **lede**, wat bona fide studente is met belangstelling in die veld van fisika of ingenieurswese toegepas in geneeskunde.

2.1.4 Afgetrede **lede**, as lede wat volle afgetrede status bereik het, alhoewel hulle in tydelike hoedanigheid werksaam mag wees. Registrasie as mediese fisikus by die Gesondheidsberoepsraad van Suid Afrika (HPCSA) is nie verpligtend vir afgetrede lidmaatskap status nie.

2.1.5 Korresponderende lede, as lede wat mediese fisici praktiseer in ander lande en wat dus nie by die HPCSA geregistreer is nie.

2.2 Verdere kategorieë van lidmaatskap mag ingestel word tydens 'n algemene jaarvergadering van die vereniging.

2.3 Aansoek vir Lidmaatskap

2.3.1 Aansoek vir volle lidmaatskap sal gedoen word op 'n voorgeskrewe vorm en moet voorgestel word deur 'n lid asook gesekondeer word deur 'n lid.

2.3.2 Aansoeke om mede lidmaatskap sal gedoen word op 'n voorgeskrewe vorm en sal voorgestel word deur 'n volle lid of 'n mede lid en gesekondeer word deur 'n volle lid of 'n mede lid.

2.3.3 Aansoeke vir studente lidmaatskap sal gedoen word op 'n voorgeskrewe vorm en sal voorgestel word deur 'n lid en gesekondeer word deur 'n lid.

2.4 Toekenning van Lidmaatskap

2.4.1 Die magtiging vir toekenning van lidmaatskap berus in die eerste plek by die Uitvoerende Komitee.

2.4.2 Indien die Uitvoerende Komitee nie tevrede is dat aan die nodige voorwaardes voldoen word vir die lidmaatskap kategorie waarvoor aansoek gedoen word nie, sal die aansoek verwerp word en die aansoeker sowel as die ondersteuners van die besluit in kennis gestel word.

2.4.3 In die geval van 'n verwerping van 'n aansoek volgens 2.4.2 hierbo, het die ondersteuners die reg tot appèl deur 'n hersiening van die besluit aan te vra by 'n algemene vergadering van die vereniging.

2.5 Lidmaatskap Register

2.5.1 'n Register van alle huidige lede sal deur die Ere Sekretaris-Tesourier gehou word.

2.5.2 Voor elke algemene jaarvergadering sal die Ere Sekretaris-Tesourier die wysigings tot die lidmaatskap register aan alle lede sirkuleer.

3. LIDMAATSKAPGELDE

3.1 Lidmaatskapgelde, indien van toepassing, sal vooruit betaalbaar wees op 1 Maart van elke jaar.

3.2 Lidmaatskapgelde mag periodiek aangepas word, maar veranderings sal slegs geldig wees na goedkeuring by 'n algemene jaarvergadering.

3.3.1 Die voorregte van enige lid wie se gelde vir een jaar agterstallig is, sal outomaties opgeskort word.

3.3.2 Die lidmaatskap van enige lid wie se gelde vir langer as twee jaar agterstallig is, sal outomaties verval.

3.3.3 Die Uitvoerende Komitee is by magte tot volle herinstelling van voorregte en lidmaatskap wat opgeskort is volgens 3.3.1 en 3.3.2 hierbo, by ontvangs van alle die nodige verskuldigde gelde.

3.3.4 Nuutverkose lede sal die volle gelde betaal vir die jaar waarin hulle verkies word.

3.3.5 Daar sal geen terugbetaling van gelde wees nie, hetsy ten volle of volgens 'n pro rata basis, aan lede wat hul lidmaatskap beëindig of oordra na 'n laer kategorie nie.

4. BEHEER

4.1 Onderhewig aan die bepalings van hierdie grondwet, berus die bestuur en beheer van die sake van die vereniging by die Uitvoerende Komitee wat as volg saamgestel sal word.

4.1.1 Drie verkose volle lede.

4.1.2 Die onmiddellike gewese Voorsitter.

4.1.3 Gekoöpteerde lede soos voorsiening voor gemaak word in klousule 4.2.3.

4.1.4 Buitengewone lede soos voorsiening voor gemaak word in klousule 4.2.4.

4.1.5 Die President van die SAVFGB of, in geval van sy afwesigheid, die Vise-President, ex officio.

Die Raad van die SAVFGB beskik egter oor meerdere magtiging indien die nodigheid sou ontstaan vir die Raad om in enige aangeleentheid van die vereniging in te gryp.

4.2 Verkiesing van die Uitvoerende Komitee

4.2.1 Verkose Volle Lede

4.2.1.1 Ten minste twee verkose volle lede moet by die Gesondheidsberoepsraad van Suid Afrika (HPCSA) geregistreer wees in die kategorie "Geneeskundige Fisikus (Ioniserende Straling)". Verkose volle lede sal bestaan uit

4.2.1.1.1 'n Voorsitter

4.2.1.1.2 'n Ere Sekretaris-Tesourier

4.2.1.1.3 Een Bykomende Lid

4.2.1.2 Daar sal jaarliks ‘n posstemming wees vir die verkiesing van die volle lede van die Uitvoerende Komitee

4.2.1.2.1 Alle nominasies vir die volle lede van die Uitvoerende Komitee sal voorgestel en gesekondeer word deur Volle Lede alleenlik en sulke nominasies moet vergesel wees van ‘n getekende aanvaarding van die genomineerde.

4.2.1.2.2 Die tel van stemme sal plaasvind deur twee onpartydige stemopnemers wat deur die Uitvoerende Komitee aangestel sal word en wat onafhanklik, die name van die genomineerdes, in volgorde van die stemme ontvang, en met aanduidings in elke geval, van die aantal stemme ontvang, aan die Ere-Sekretaris sal voorlê. Sou daar teenstrydigheid tussen die bevindings van die stemopnemers wees, sal daar vereis word dat hulle die stembriewe nagaan totdat die bevindings ooreenstem.

4.2.1.2.3 Na die telling van die stemme, sal die stemopnemers die stembriewe verseël in ‘n koevert wat in veilige bewaring deur die Ere-Sekretaris gehou sal word tot na die volgende Algemene Jaarvergadering, waarna dit vernietig sal word indien daar geen besware teen die geldigheid van die verkiesing ingedien is nie.

4.2.1.2.4 In die geval waar daar ‘n gelyke aantal stemme vir twee of meer genomineerdes opgeteken is, maar hulle nie almal verkies verklaar kan word nie, sal die Voorsitter of in sy afwesigheid, die Onmiddelike Gewese Voorsitter, oor die resultaat beslis op grond van ‘n gewone meerderheid stem van die Uitvoerende Komitee, maar met die uitsondering van enige lid van die Uitvoerende Komitee wat so ‘n genomineerde is en nie aan die eliminasie stemmery mag deelneem nie.

4.2.1.2.5 In die geval waar daar slegs een nominasie per vakature ontvang word sal sodanige genomineerde as verkies verklaar word. Sou daar geen nominasie vir 'n vakature ontvang word nie, sal die verkiesing van 'n kandidaat vir sodanige vakature op die Uitvoerende Komitee tydens die eersvolgende Algemene Jaarvergadering afgehandel word.

4.2.1.2.6 Die verkiesing, insluitend die hantering van enige staking van stemme, volgens klousule 4.2.1.2.4 *supra*, sal jaarliks, nie later nie as twee weke voor die Algemene Jaarvergadering, afgehandel wees.

4.2.1.3 Slegs volle lede van die vereniging is benoembaar vir so 'n verkiesing.

4.2.1.4 Slegs volle lede van die vereniging het stemreg.

4.2.1.5 Alle verkose lede sal weer verkiesbaar wees met die voorbehoud dat die voorsitter nie vir meer as drie opeenvolgende jare verkies mag word nie.

4.2.2 Die Onmiddellike Gewese Voorsitter

Hierdie is 'n outomatiese nie-verkiesbare aanstelling. Die aanstelling sal geld totdat 'n nuwe Voorsitter verkies word, by welke geleentheid die uittredende Voorsitter dan die Onmiddellike Gewese Voorsitter sal word.

4.2.3 Gekoöpteerde lede

4.2.3.1 Die Uitvoerende Komitee is geregtig om, indien dit nodig geag word, tot 'n maksimum van twee bykomende Komitee lede uit die lede van die vereniging te koöpteer.

4.2.3.2 Die volgende voorwaardes sal van toepassing wees op alle gekoöpteerde lede:

4.2.3.2.1 Hulle sal volle lede van die Uitvoerende Komitee wees.

4.2.3.2.2 Hulle sal outomaties uittree tydens die algemene jaarvergadering wat volg op hul koöptering.

4.2.4 Buitengewone lede

Buitengewone lede sal bestaan uit:

4.2.4.1 Die voorsitters van enige staande en ad hoc komitees van die vereniging.

4.2.4.2 Ten minste een verteenwoordiger by elk van die liggame waarvoor daar in Afdeling 9 voorsiening voor gemaak word, op voorwaarde dat so 'n verteenwoordiger nie alreeds 'n lid is volgens klousules 4.1.1, 4.1.3 en 4.1.5 nie.

4.2.4.3 Die volgende voorwaardes sal van toepassing wees op alle buitengewone lede:

4.2.4.3.1 Hulle sal volle lede van die Uitvoerende Komitee wees.

4.2.4.3.2 Hulle sal outomaties uittree tydens die algemene jaarvergadering wat volg op hul verkiesing.

5. PLIGTE VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE

5.1 Die Uitvoerende Komitee sal:

5.1.1 Die mikpunte en doelstellings van die vereniging bevorder.

5.1.2 Toesien dat besluite geneem by die algemene jaarvergadering uitgevoer word.

5.1.3 Volgens sy diskressie alle lede inlig van enige besluite, optredes, ens. wat gedoen is met betrekking tot die aktiwiteite van die vereniging, en van enige sake betreffende die praktisering van geneeskundige fisika.

5.2 Die Voorsitter sal 'n jaarverslag aan alle lede opstel waarin die aktiwiteite gedurende die voorafgaande jaar beskryf word ten opsigte van:

5.2.1 Die vereniging as 'n geheel.

5.2.2 Die Uitvoerende Komitee.

5.2.3 Alle staande komitees.

5.2.4 Alle ad hoc komitees.

5.2.5 Alle amptelike verteenwoordigings.

5.3 Die Ere Sekretaris-Tesourier sal:

5.3.1 Alle vergaderings van die vereniging belê.

5.3.2 Alle Uitvoerende Komitee vergaderings soos benodig belê.

5.3.3 Verseker dat gepaste verslae van alle vereniging en Uitvoerende Komitee vergaderings gehou word.

5.3.4 Sal alle korrespondensie in oorleg met die Voorsitter hanteer.

5.3.5 Die reëlings vir alle algemene vergaderings behartig.

5.3.6 Die notule van die vorige algemene jaarvergadering ten minste ses weke voor die volgende algemene jaarvergadering aan alle lede stuur.

5.3.7 Mosies en items vir die sakelys aanvra ten minste ses weke voor die algemene vergadering.

5.3.8 Die finale sakelys vir die vergadering in oorleg met die voorsitter saamstel.

5.3.9 Aan alle lede die kennisgewing van die vergadering, die stembriewe en volmagvorms, die mosie dokumente en die finale sakelys ten minste vier weke voor die vergadering stuur.

5.3.10 Alle gelde van die vereniging ontvang en uitbetaal en behoorlike verslae van die finansiële aktiwiteite byhou.

5.3.11 'n Eind-finansiële jaarverslag voorberei vir voorlegging aan die algemene jaarvergadering.

5.3.12 Wysigings van die lidmaatskapregister aan alle lede voor elke algemene jaarvergadering stuur.

5.3.13 'n Register byhou van alle geneeskundige fisici wat by die Gesondheidsberoepsraad van Suid Afrika (HPCSA) geregistreer is. Hierdie register sal voor elke algemene jaarvergadering op datum gebring word.

6. UITVOERENDE KOMITEE VERGADERINGS

6.1 Die Uitvoerende Komitee sal ten minste drie keer per jaar vergader.

6.2 'n Minimum van 50% van die lede van die Uitvoerende Komitee sal 'n kworum uitmaak.

6.3.1 Die Voorsitter sal alle vergaderings lei.

6.3.2 In die afwesigheid van die Voorsitter sal 'n voorsitter verkies word vanuit die teenwoordige lede.

6.4 Besluite van die Uitvoerende Komitee sal geneem word deur 'n eenvoudige meerderheidstem.

6.5 Die Voorsitter beskik oor 'n gewone sowel as 'n beslissende stem.

7. FINANSIES

7.1 Die finansiële bates en aanspreeklikhede van die vereniging sal afsonderlik wees van dié van die SAVFGB.

7.2 Die finansies van die vereniging sal onder beheer van die Uitvoerende Komitee deur die Ere Sekretaris-Tesourier staan.

7.3 Die Uitvoerende Komitee is by magte om die nodige bank en beleggingsrekeninge te open soos dit nodig geag word vir die deponering van fondse van die vereniging.

7.4 Alle onttrekkings vanuit bankrekeninge sal die handtekeninge van enige twee van die verkose lede van die Uitvoerende Komitee benodig.

7.5 'n Eind-finansiële jaarverslag sal aan die algemene jaarvergadering vir goedkeuring voorgelê word.

8. VERGADERINGS

8.1 'n Vergadering wat die algemene jaarvergadering sal wees, sal gehou word tydens die jaarlikse kongres van die SAVFGB.

8.2 Ander vergaderings, wat buitengewone algemene vergaderings sal wees, mag gehou word op enige ander tydstip na goeddunke van die Uitvoerende Komitee, of by ontvangs deur die Uitvoerende Komitee van 'n petisie daarvoor wat deur enige 10 volle lede onderteken is.

8.3 'n Kworum vir alle vergaderings sal 10 lede wees.

8.4 Indien 'n kworum nie teenwoordig is nie, sal die Voorsitter die vergadering verdaag. Die vergadering moet herbelê word en die lede dan teenwoordig vorm 'n kworum.

8.5 Alle kategorieë van lede mag vergaderings bywoon en spreekbeurte verkry, maar slegs volle lede het stemreg.

8.6 Behoorlik ondertekende pos- en volmag stemme sal toelaatbaar wees by alle vergaderings.

8.7 Enige mosie mag voorgestel en gesekondeer word deur enige lid en, met die uitsondering van konstitusionele wysigings, aangeneem of verwerp word op die grondslag van 'n eenvoudige meerderheidstem.

8.8.1 Die Voorsitter sal voorgaan by alle vergaderings.

8.8.2 In die afwesigheid van die Voorsitter, sal die vergadering 'n voorsitter aanwys uit die teenwoordige lede.

8.9 Die Voorsitter sal oor 'n gewone sowel as 'n beslissende stem beskik by alle vergaderings.

9. MAGTIGINGS

9.1 Die vereniging is deur die Raad gemagtig om volle verantwoordelikheid te aanvaar vir die volgende sake:

9.1.1 Alle onderhandelinge met die Mediese en Tandheelkundige Beroepsraad, Gesondheidsberoepsraad van Suid Afrika (HPCSA), die Departement van Nasionale Gesondheid en enige ander werkgewende instansies wat betrekking het op die praktisering van geneeskundige fisika in die Republiek van Suid-Afrika.

9.1.2 Die daarstelling van enige staande of ad hoc Komitee soos benodig vir advisering oor spesifieke aktiwiteite van die vereniging.

9.1.3 Enige ander sake van uitsluitlike belang vir praktiserende geneeskundige fisici.

10. WYSIGINGS VAN DIE GRONDWET

10.1 Wysigings van hierdie grondwet mag slegs gedoen word by 'n algemene jaarvergadering wat vir hierdie doel belê is.

10.2 Voorgestelde wysigings moet gesteun word deur ten minste twee Lede en moet die Ere Sekretaris-Tesourier ten minste vier weke voor die betrokke vergadering bereik.

10.3 Die Ere Sekretaris-Tesourier sal die voorgestelde wysigings saam met die agenda van die vergadering uitstuur.

10.4 Die vergadering kan enige voorgestelde wysiging aanvaar, kan dit aanvaar na amendering of kan dit verwerp.

10.5 Enige wysigings sal beskou word as voorlopig aanvaar met 'n 75% stem ten gunste daarvan.

10.6 Bekragtiging van sulke wysigings sal slegs plaasvind na goedkeuring deur die Raad.

10.7 Enige goedgekeurde wysigings sal deur die Ere Sekretaris-Tesourier aan alle lede voorsien word en sal onmiddellik van krag word.

11. ONTBINDING

In geval van die ontbinding van die vereniging, sal die SAVFGB alleenlik geregtig wees op alle bates.